

Titel: Gee dit weg – verniet
Pastor: Paul Kruger
Datum: 7 Maart 2010
Tyd: 17:00



Esegiël 16:8

⁸ En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.

Levitikus 19:18

¹⁸ Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.

Deuteronomium 6:5

⁵ Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

Agape liefde:

- diepste vorm van liefde
- opofferend
- tegemoetkomend
- geduldig
- nederig
- goedhartig
- vergewensgesind

God se gesindheid teenoor Sy Seun:

Johannes 17:25-26

²⁵ Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. ²⁶ En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

God se gesindheid teenoor mense:

Johannes 3:16

¹⁶ Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Romeine 5:8

⁸ maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

God se gesindheid teenoor ons:

Johannes 14:21

²¹ Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

God se wil vir ons:

Johannes 13:34

³⁴ 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

God se wil vir alle mense:

I Thessalonicense 3:12

¹² en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is

God se natuur:

I Johannes 4:8

⁸ wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

Die doel van die liefde:

1. Om ons te vervolmaak

Esegiël 16:14

¹⁴ Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur my versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek die Here HERE.

2. Die bron van effektiewe vennootskap

die Vader	trek
die Heilige Gees	oortuig
Jesus	red
ons	het lief

“Whom you would change, you must first love”. – Martin Luther King Jr.

Jesus – ons bron

Hebreërs 12:2-3

² die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. ³ Want julle moet ag gee op hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.

3. Sodat die wêreld Jesus kan sien

Esegiël 16:14

¹⁴ Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur my versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek die Here HERE.

Johannes 17:22-23

²² En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.²³ Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.